



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Woorkeank



Dis lente en oral is daar tekens van -- veral in plekke waar dit erg droog is. Lees gerus Lisel Krige se rubriek op agterblad

In hierdie uitgawe

**Lente
2024**

- Ds. Jan Momsen gesels oor omgewing
- Wat is eko-teologie?
- Getuienis by Spele in Parys
- Grensposte het 'n rede (telkens met 'n bullit)

Kantaantekening

Lidmate sal opmerk dat die gemeente se publikasies (gedruk of aanlyn) nou mashoofde met dieselfde lettertipe het. Dit geld *Eerste Gelui*, *Kerkklok*, *Weerklank* en die kalender. Dit is mooi uitkenbaar en simboliseer ons eenheid.

Alle kommunikasie is daarop gemik om almal goed ingelig te hou. Elk het 'n eie plek en funksie. Die publikasies is ook 'n agenda van diens en gebed. En, in die geval van *Weerklank*, 'n aansporing tot 'n oomblik van nadenke.

By *Eerste Gelui* en *Kerkklok* sal lidmate die hand van 'n bekwame Joke Venter sien, wat as bedieningsbestuurder vir daardie twee publikasies verantwoordelik is. Daarbenewens kry ons natuurlik die gereelde boodskappe via Whatsapp en Facebook oor veral gemeente-aktiwiteite.

'n Span werk ook reeds hard aan die 2025-kalender, daardie onmisbare produk wat ons gemeente se jaarprogram bekend maak en wat ons vir twaalf maande gebruik.

Hierdie *Weerklank* is die laaste van die jaar, want in Desember gee ons, soos gebruiklik, 'n *Seemeeu* uit, die gids wat die aktiwiteite van die feestyd aan lidmate en vakansiegangers uitspel.

— *Johannes Froneman*

Redaksie: *Weerklank* word uitgegee onder toesig van die kerkraad van die NG Gemeente Kogelberg. Die redakteur is Johannes Froneman en medewerkers vir dié uitgawe ds. Jan Momsen, Lisel Krige en Fanie Krige. Die drukwerk word deur die span by die kerkkantoor behartig. Dank ook aan diegene wat die blad versprei.

Jan vertel oor liefde vir God se aarde

Ons praat met ds. Jan Momsen, wat leiding geneem het by die gemeente se Eko-bediening.

Jan, jy het 'n besondere belangstelling in die ekologie. Waar het dit begin?

Seker vroeg al in my ouerhuis. My pa het ons na interessante plekke geneem soos die Wildekus, Blydepoort, Kruger-wildtuin en Natalse kus. In 1994 het ek by die Dendrologiese Vereniging (bome!) aangesluit en in 1995 by die Eko-teologie- werkgroep van die Sinode van Oos-Tvl.

Die Bybelse opdrag is duidelik. Tog wonder sommige (dalk net 'n klein minderheid) of ekologiese sake in die kerk hoort... Jou ervaring?

'n Tyd gelede was dit wel die geval dat die ekologie (omgewingstudie) nie op kerklike agendas was nie. Gelukkig het dit verander en besef die kerk al meer dat “aardesorg” deel van ons Christelike roeping is. Ons vorige gemeente het 'n eko-bediening gehad en hier in Kogelberg kon ons dit ook begin.

Daar is tog 'n groeiende belangstelling en erns oor die saak, nie waar nie?

Inderdaad. Dis juis die doel van die Eko-bediening, naamlik om Christene al meer bewus te maak van ons verantwoordelikheid teenoor die Here se skepping. Dwarsoor die wêreld neem al >>

>> meer kerkgenootskappe deel aan aardesorg. En ook in die sekulêre wêreld raak al meer mense en instansies bewus van die omgewing.

Hou dit dalk hier in ons gemeente verband met die mooi omgewing en die feit dat baie mense afgetree is en graag stap, reis en oor die algemeen die natuur geniet?

Jy is reg! Dis eintlik maklik om in ons mooi omgewing (tussen berg en see) en te midde van die wonderlike fynbos oor ekologie te praat. Hier is talle omgewings-inisiatiewe waarmee die Eko-bediening ook hande vat, bv. Kleinmond Natuur-bewaring met hul kapgroep en stapgroep. Dan is daar die Strandlopers Eco Youth-klub en die Kogelberg Biosfeerreservaat waarby ons geaffilieer is.

Vorder ons met sake soos herwinning? Hoe gaan dit by die herwinningstasie op Hermanus?

Die Eko-bediening werk nou saam met die munisipaliteit ten opsigte van herwinning. Ons het maandeliks 'n skoonmaakaksie, maak nette skoon en dryf ons eie Proppies-en-Knippies-herwinningsprojek. Ons moedig almal aan om te herwin deur middel van die munisipaliteit se tweesakstelsel. En ja, dit gaan goed by die aanleg in Hermanus. Ons het al verskeie besoeke daarheen gereël.

Wat is hoog op julle doenlys by die Eko-bediening?

Ons het verskeie projekte: behalwe wat reeds genoem is, ondersteun ons die Strandlopers aktief, want ons glo as die jeug van vandag eko-bewus is, het ons belê in die toekoms.

Wat is Eko-teologie?

Dit kan ook só geskryf word: *ekoteologie*. Ons herken dadelik die dele waaruit die woord bestaan: *Teologie*, om by die tweede deel te begin, beteken natuurlik die “studie van God” (dit die rigting waarin predikante gewoonlik gestudeer het). So is die eerste deel weer ’n verkorting van *Ekologie* wat die “studie van die omgewing” beteken.

Vir baie jare het hierdie twee studierigtings nie veel met mekaar te doen gehad nie. In die laaste tyd het daar in die teologie die besef gekom dat ons baie meer vanuit die teologie of Christelike godsdiens na die omgewing moet kyk. Ons sou kon sê die eko-teologie is die akademiese dissipline wat dan veral nadink oor die verband tussen die teologie en ekologie.

Volgens prof. Ernst Conradie, een van die voorste eko-teoloë in Suid-Afrika, is dit egter ’n tendens wat wêreldwyd al meer aandag kry, in omtrent al die Christelike kerke én ander godsdienste.

Ook in ons eie gereformeerde tradisie het hierdie besef só gegroei dat selfs in die Sinode van Wes-Kaapland daar spesifiek vir hierdie taak ’n predikant afgesonder is, nl. ds. Dewald Hoffmann.

Conradie noem ook dat die belangstelling in eko-teologie aangemoedig is deur ’n nuwe soeke na ’n “aardse spiritualiteit”. Te lank het ons gedink die skeiding tussen Skepper en sy skepping is só belangrik (uit vrees dat ons kan verval in panteïsme) dat ons die gesonde verband tussen God en sy skepping (lees *aarde*) verwaarloos het. — *Jan Momsen*

Wat is die doel van ons Eko-bediening?

Dit wil as 'n geloofsgebaseerde bediening veral Christene aanmoeding en prakties help om hul roeping ten opsigte van die skepping/omgewing na te kom. Kortom sou mens die doel ook só kon formuleer:

Die Eko-bediening wil Christene se verantwoordelikheid teenoor die Here se skepping deel maak van hulle alledaagse geloofslewe.

Dis wat Eko-bediening doen

Op 31 Januarie 2019 is die Kleinmond Eko-bediening begin as inisiatief van die NG Gemeente Kleinmond en die VG Gemeente Kleinmond. Die eerste vergadering is gehou met net 16 lede. Sedertdien het die lede van die Eko-bediening gegroei tot meer as 70 lede. Daarvoor al die eer aan die Here!

- **Kwartaallikse Eko-bedieningsbyeenkoms:** Dit is ons “groot” (wat getalle betref) geleentheid waar ons een en almal verwelkom. Hier luister ons veral na verskillende kenners op die gebied van ekologie en Christenskap. En word verslag gelewer.
- **Eko-bestuurspan (Eko-Bs):** Die vorige naam was die “Dagbestuur”. Nou neem die Eko-Bs die leiding wat besluite en organisasie betref en vergader ook kwartaalliks. Hier word groot Eko-byeenkomste beplan asook uitstappies en nuwe projekte.
- **Eko-WhatsApp-groep:** Op hierdie groep word inligting gedeel oor plaaslike omgewingsake, skoonmaakdae, uitstappies en interessante natuurverskynsels.

Vervolg>

- **Skoonmaakdae:** Die Skoonmaak-taakspan o.l.v. Carlo Böhmer reël elke maand 'n skoonmaakdag êrens in ons dorpsomgewing. Dis 'n praktiese manier waarop elkeen betrokke kan raak by die vernuwing van die omgewing.
- **Herwinning:** Die Eb moedig herwinning op alle terreine aan. Die tweesakstelsel van die munisipaliteit word sterk ondersteun.
- **Proppies en doppies en broodsakkieknippies:** Deur hierdie projek word 'n dubbele doel gedien: Nie alleen word genoemde items herwin nie, maar word dit ook gelewer aan die Sweet Heart Foundation wat dit dan weer verkoop aan herwinnaars om fondse te in vir rolstoele. Daar is houers by die Kleinmondkerk, Hangklipkerk en Kuierkerk. Hierdie projek staan onder leiding van Yvonne de Vaal.
- **Eko-Jeug:** Die Eb het besef om 'n volhoubare verskil te maak t.o.v. omgewingsbewaring moet die jeug betrek word. Die Eko-Jeugtaakspan doen veral netwerking met die Strandlopers deur 'n verskeidenheid van programme. Hierdie aksie word gelei deur Pieter van Wyk en Louié Booysen.
- **Spesialis-groepe:** Die Eb is dankbaar om 'n verdere verskeidenheid van geleenthede te bied. Skakel gerus hierby in volgens jou belangstelling: **Eko-leer & voorspraak** (Ontdek die skepping, deel die eko-inligting & kennis en doen voorspraak), **Eko-waghonde** (wees ons oë en ore om misbruike teen die natuur raak te sien en aan te meld), **Eko-liturgie** (raak betrokke by die bid-op-die-berg- geleentheid en die erediens in die natuur), **Eko-info** (word administrateur van die WApp-groepie), en **Eko-organisasie** (help met reël van uitstappies, funksies en sprekers).
- **Netwerk met ander organisasies:** Die Eb vat graag hande met almal wat ook ingestel is op natuurwaardering en -bewaring.
- **Ekumeniese uitgangspunt:** Vanuit die staanspoor het Christene van verskillende kerke by ons ingeskakel.
- **Hoe word ek deel van die Kleinmond Eko-bediening?** Kry 'n vormpie by die kerkkantoor waarop al die moontlikhede gelys is en handig in of neem 'n foto en WApp dit na 076 134 7157.

– Jan Momsen, namens Eko-bediening.

Grensposte is daar vir 'n rede

Deur Fanie Krige

Die afgelope tyd het ek die dinamika by grensposte beleef. Dit is min of meer dieselfde by elkeen, of jy nou by Vioolsdrif, Noordoewer of Mamuno, Kazungula of Victoria Falls is.

Eerstens is daar die reisigers wat oor die grens wil gaan. Hulle is onseker, huiwerig ...

Dan is daar die beamptes wat alles weet, maar die nommer een reël is hou die inligting vir jouself en moenie vriendelik wees nie.

Die man in die Namibië-hemp voor my het hom al klaar opgewarm vir die troue wat hy êrens in Botswana wou bywoon. "Ek kan nie dronk of versteurde mense in my land toelaat nie," het die ouerige doeanebeampte met 'n grys bokbaardjie en ronderaambril die Leviete vir hom voorgelees.

Selfs al is jy op jou beste, dan is daar nog steeds spannende oomblikke wanneer jou paspoort geskandeer en aan die ander kant van die glas na 'n rekenaarskerm getuur word.

By 'n grenspos praat jy nie teë nie. Jy doen wat jy gesê word, al is jy dalk briesend kwaad. Jy glimlag, probeer mooi praatjies maak en gaan van die een punt na die ander, betaal die belasting om van die volgende land se paaie gebruik te maak ...

Van vorige bladsy> Maar mens, as jy eers al die stempels in jou paspoort het en die ander papierwerk in orde is, dan gly jy verby. Die nuwe land lê oop voor jou.

Grensposte laat my dink aan een van die interessante onderwerpe wat ons op 'n Woensdagmiddag by die Bybelskool in die Hangklip-gemeentesentrum behandel het. Dominees Theuns Henn en Leopold van Huyssteen moet my dalk minder teologies-korrekte vertolking vergewe.

Die betrokke gedeelte het uit Openbaring gekom. Die verskillende rolspelers is in 'n groot saal saamgetrek, duidelik 'n grenspos na die nuwe Jerusalem. In die hoekie staan Johannes, daar is wesens met skerp oë en harde stemme en daar is 'n boek wat oopgemaak moet word.

Johannes huil en besef later dit is hyself wat die Boek van die Lewe moet oopmaak.

En as jou naam daarin is, is daar 'n tweede boek, jou eie een, wat geweldig dik kan wees al pleeg jy net drie sondes per dag.

Gelukkig, vir ons gelowiges, tree 'n welwillende Wese dan toe, Jesus Christus, wat vir ons voorspraak doen. Die tweede boek word toegemaak en die hiernamaals lê oop en heerlik voor ons. Geen bagasie, geen laste...

Waar kan ek meer lees oor eko-teologie?

Gelukkig kan ons vandag die vrugte pluk van ander se besinning in die eko-teologie. Vir die wat verder wil lees, spesifiek in Afrikaans, is daar die boeke van Conradie wat sterk aanbeveel kan word: *Rus vir die hele aarde* (Ernst Conradie, Lux Verbi, 1996) en *Waar op dees aarde vind mens God?* (Ernst Conradie, Lux Verbi, 2006.)

Lente in 'n ander se skoene

Deur Lisel Krige

Die pasgebore olifantkalfie vleg onvas en amper steierend tussen die koei se bene deur terwyl sy stadig, moeisaam uit die kurkdroë rivierbedding teen die steil wal uitbeur.

Meelewing stu op in my binneste. Vlietend wórd ek daardie ma. En ek verstaan. Soos sy, wonder ek of die lentekindjie sal oorleef en die mede-verantwoordelikheid word swaar.

Voor my oë kom 'n groter prentjie in fokus en ek tuur daarna, steeds deurdrenk van empatie. Die res van haar tropgenote talm nog en ek merk die sand in die rivierloop is vol gate – elkeen eintlik 'n soort “boorgat” of put wat deur die vindingryke en desperaat-dors reuse self gegrawe word.

Dis baie onlangs – in die vroeë varsheid van 2024 se lente – dat ek my vir 'n kort tydjie al reisende in dele van Namibië, Botswana en Limpopo bevind. Ámptelik is dit lente, maar dis moeilik om iewers in die stof en dorheid 'n sprietjie hoop raak te sien.

Tog is skoonheid steeds volop, in sonsondergange, skilderagtige landskappe, uitbundige voëlgesang en selfs in sterk, dorre arms van kremetartbome wat afwagend hemelwaarts oopsprei.

En laag, naby die aarde, die sprankel van pienk impalalelies in volle blom!

Vervolg>

Van vorige bladsy>

IRONIE

Rasionele denke herinner my daaraan dat die natuur haar gang moet gaan; nogtans wil my hart breek vir die olifante en al die ander wat dag en nag sukkel om aan die lewe te bly.

Tradisioneel kondig die begin van September amptelik die begin van die lente aan. Maar dis nie oral 'n geval van bloeisels en botsels en vreugde en nuwe lewe nie.

"Dis heerlike lente, die winter's verby..." lui die liedjie wat ons lustig in ons kinderjare gesing het. Vreugde! Uitbundigheid!

En tog... en tog.

Op hierdie einste omswerwinge van ons, wanneer daar sein en internet is, verneem ons telkens van smart en swaarkry in die geledere van ons tuisgemeenskap.

Onwillekeurig peins ek myself in hul skoene in. Die ontsaglike menslike leed te midde van die seisoen van ontwaking maak my stil en eerbiedig.

Ek dink aan Paulus se vermaning in sy brief aan die Galasiërs, in geen onduidelike taal nie, dat ons mekaar se laste moet dra – en op dié manier uitvoering sal gee aan die wet van Christus.

En ek onthou onwillekeurig Jesus se waarskuwing volgens Johannes 16:33, dat ons dit in hierdie wêreld nie maklik sal hê nie; maar in dieselfde asem sê Hy dat ons nie hoef te vrees nie, omdat Hy die wêreld reeds oorwin het.

Dit is dan hoe dit vir ons as gelowige in hierdie wêreld is... lente of te nie.

Om met grasia getuienis te lewer

Hier op Kleinmond staan Jehowah-getuies gereeld op die sypaadjie en werf lede. Hoeveel van ons is bereid om in wind en weer dit te doen?

Ja, dis nie deel van ons tradisie nie. En ek sê ook glad nie ons moet dit doen nie. Boonop is die Jehowah-getuies se geloof radikaal in stryd met ons s'n. Hulle ontken die godheid van Jesus Christus. Bly dus weg.

Maar die kwessie van getuienis is ter sake. Tydens die afgelope Olimpiese Spele in Parys het van die deelnemers die geleentheid benut om van hul Christelike geloof te getuig.

Hieroor skryf **Vlady Raichinov op die webblad CNE.com:**

“Before the launch of the games, the IOC stated that Christian expressions of faith would be allowed at the games, but with some regulations.

“Karlos Nasar (‘n gewigopteller wat goud gewen het) was not alone in openly expressing his faith at the Paris Olympics. Surfer Gabriel Medina, the bronze medallist, shared on his Instagram a stunning photograph taken by Jerome Brouillet, with the Biblical quote, ‘I can do all things through Christ who strengthens me’.

“A particularly moving moment came from German shot-putter Yemisi Ogunleye during a press conference.

She sang a hymn that reflected her personal struggles and the sustaining power of her faith.

“Her heartfelt rendition brought the room to a standstill, highlighting the profound role of faith in her own life journey.

“Examples like these are poignant. They show an unexpected, toned-down, grace-filled yet firm and uncompromising way for Christians to respond to secular or anti-Christian sentiments through resilience and excellence in their respective fields,” aldus **Raichinov**.